


DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

Van Konsep tot Gestalte



Die Afrikaanse
**Taalmuseum
& -monument**


'n agentskap van die
Departement van Kuns en Kultuur



*“ Die nooi wat haar **Europese**
skoene daar anderkant
uitgeskop het, **Indonesiese**
sokkies aangetrek het en haar
vellies hier in **Afrika** kom
vasmaak het; hierdie skat wat
ons **Afrikaans** noem. ”*

– Chris Chameleon

VAN WAAR, GEHASI?



*Die Afrikaanse
Taalmuseum en
-monument in die
Paarl vier die ontstaan
en voortbestaan van
Afrikaans.*

Almal wat Afrikaans kán of wil praat of daarin belangstel, behoort hierdie unieke museum en monument te besoek om meer te leer oor dié derde grootste taal in Suid-Afrika. Afrikaans is byna 7 miljoen mense se moedertaal. Ten minste nog 7 miljoen mense praat dit as tweede of derde taal.

*Statistiek Suid-Afrika 2011

Inhoud

1	Ontstaan van die monument	bl 5
2	Inspirasie vir die ontwerp	bl 10
	Die geskrewe woord by die monument	bl 12
3	Bouproses	bl 16
	Beeldhoukuns eerder as argitektuur	bl 20
4	Simboliek	bl 22
5	Die argitek Jan van Wijk	bl 24
6	Die omgewing	bl 26
7	Ander taalmonumente	bl 28
8	Die instelling	bl 30

1 *Ontstaan van die monument*

Die gedagte om 'n monument vir die Afrikaanse taal op te rig, is op 14 Augustus 1942 geopper op die plaas Kleinbosch in Dal Josafat naby die Paarl. Die geleentheid was die onthulling van 'n gedenkplaat in die begraafplaas, waar SJ du Toit, DF du Toit en PJ Malherbe, drie stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), begrawe lê.

Dit het gelei tot 'n openbare vergadering in die Paarl op 26 September 1942, waar die Afrikaanse Taalmonumentkomitee onder groot belangstelling in die lewe geroep is. Die voorsitter was ds PJ Loots en die ondervoorsitter die bekende mnr SPH (oom Seppie) de Villiers. Die res van die komitee het bestaan uit drs AL de Jager, W de Vos Malan, JJ Muller, GG Cillie, mnre GC Burger (sekretaris), HA Rust, WA Joubert en WH Louw, en mej J Meyer.

Die doel van die komitee was om fondse in te samel vir die oprigting van 'n "waardige taalmonument in die Paarl" en vir beurse aan "verdienselike gevorderde studente wat hulle spesiaal op 'n intensiewe studie van die Afrikaanse taal wil toelê".

AFRIKAANSE TAALMONUMENT

OPROEP

Aan alle belangstellendes in die wording, koms, erkenning en verder ontwikkeling van die Afrikaanse Taal.


Geagte Vriende,

Soos reeds algemeen bekend, was die eerste poging om ons gesproke taal in 'n skryftaal te laat ontwikkel en assulks erken te word, die stigting aan die Paarl in 1875 van 'n vereniging deur 'n aantal Afrikaners onder die naam van „regte Afrikaners”.

Ten spyte van veel teenstand en 'n wisselvallige gang oor 'n periode van 67 jaar, mag ons ons vandag daarin verbly dat die doelwit van daardie deur ons hooggewaardeerde ou stoere afrikaanse taal-baanbrekers bereik is.

Inmers, al wat daar betreklik gesproke nou nog oorbly, is om te handhaaf.

Nou skyn daar in hierdie gewes 'n warme belangstelling en begeerte te bestaan om 'n Afrikaanse Taalmonument hier op te rig en aldus die nagedagtenis van die reeds genoemde stigters te vereer deur hul name en daed aan die vergetelheid te ontruk.



Een van die ander ontwerpe vir die prysvraag. Elf ontwerpe is van 10 deelnemers ontvang. Twaalf argitekte is oorspronklik genooi, maar twee het hulle onttrek. Aan elkeen is 'n nommer toegeken om anonimiteit tydens die kompetisie te verseker. Die digter Eitemal was een van die drie assessore.

Daar is geesdriftig weggespring, en 'n sogenaamde Oproep is opgestel om die saak onder die aandag van die hele Suid-Afrika te bring. Hierdie "Oproep" het wye mediadekking geniet. Die fondsinsamelings was egter nie so suksesvol soos gehoop is nie, en dit was meer as drie dekades later voordat die monument 'n werklikheid sou word.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) (sedert 1991 opgeneem in die ATKV) was vanaf 1963 intensief by die werksaamhede vir die oprigting van 'n taalmonument betrokke en het mettertyd al die administratiewe en sekretariële pligte oorgeneem. Die organisasie het ook 'n groot rol by fondsinsameling gespeel.

In 1964 het die komitee 'n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf en 12 argitekte genooi om deel te neem. Volgens die opdrag moes die monument van ver af sigbaar wees en onder meer die kulturele en staatkundige opbloei van Afrikaans uitbeeld. Die ontwerp van die argitek Jan van Wijk is as wenner aangewys.

Die terrein vir die monument, wes van Bretagne-rots op Paarlberg, is alreeds in 1963 gekies. In 1968 het die Paarlse munisipaliteit sowat 84 hektaar berggrond kosteloos aan die staat oorgedra vir die oprigting van die monument.

Bouwerk het laat in 1972 begin en is aan die einde van 1974 voltooi. Die totale boukoste was sowat R700 000. Die monument is in 1975, honderd jaar na die stigting van die GRA, ingewy.

WIE EN WAT WAS DIE GRA?

- Arnoldus Pannevis, Nederlandse taalkundige, het besef dat die taal wat die mense in Suid-Afrika praat, reeds 'n taal uit eie reg is. Hy het voorgestel dat dit Afrikaans genoem word.
- Pannevis het aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word sodat almal in Suid-Afrika dit kon verstaan.
- Die Bybelgenootskap het aan ds SJ Toit opdrag gegee om vas te stel of so 'n behoefte werklik bestaan.
- Ds Du Toit het 'n groep vriende en familie op 14 Augustus 1875 vir 'n vergadering byeengebring in die huis van sy neef Gideon Malherbe, om hierdie saak te bespreek.
- Die vergadering is bygewoon deur CP Hoogenhout; ds SJ du Toit; GJ Malherbe; DF du Toit (seun van DP); August Ahrbeck; PJ Malherbe; DF du Toit (seun van DF) en SG du Toit.
- Die manne het besluit om 'n vereniging te stig wat hom kon beywer vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal, en so het die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) tot stand gekom.
- Een van die eerste dinge wat die GRA gedoen het, was om 'n Afrikaanse koerant uit te gee. Die titel daarvan was *Die Afrikaanse Patriot* en dit het op die 15de Januarie 1876 vir die eerste keer verskyn.
- Verskeie ander Afrikaanse publikasies is ook op die Genootskap se drukpers gedruk en versprei.
- Die GRA het hulle vergaderings teen die begin van die 20ste eeu gestaak. Teen daardie tyd het die Afrikaanse Taalbeweging genoeg momentum gehad om dit onomkeerbaar te maak.



Arnoldus Pannevis



CP Hoogenhout



SJ du Toit

DIE *Afrikaanse Patriot.*

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."—*Het vijfde Gebood.*

DEEL I.] SATURDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

"DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons eie taal! Dit het baie moeite gekos om so ver te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pèrde, hulle wil mos nie glo dat ons een eie taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klon vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pèrde te leer prunk in die voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

Meer as 40 000 mense het op 10 Oktober 1975 die inwyding van die Taalmonument in die amfiteater bygewoon.

10 Oktober 1975



INWYDING

Meer as 40 000 mense het op 10 Oktober 1975 die inwyding van die Taalmonument in die amfiteater bygewoon. Die amptelike feesrede is gelewer deur die eertydse eerste minister, mnr BJ Vorster. Op die program was opvoerings en voordragte deur bekende Afrikaanse akteurs en stemkunstenaars. Onder andere is 'n gedramatiseerde stigtingsvergadering van die GRA (teks deur Pieter Fourie) opgevoer. Interessant (vir daardie tyd toe apartheid nog hoogty gevier het), is die voordrag van Adam Small se gedig "Nkosi sikelel iAfrika".

Die voorbereidings vir die inhuldiging het amper ontspoor toe verskeie vooraanstaande wit Afrikaanse skrywers gedreig het om die verrigtinge te boikot as bruin skrywers nie ook genooi word nie. Uiteindelik is verskeie bruin skrywers en verteenwoordigers van ander sektore van die bruin gemeenskap genooi, en 'n beduidende aantal van hulle, asook groot getalle bruin skoolkinders, het die verrigtinge bygewoon. Sekere wit en bruin skrywers het egter steeds weggebly.

Die geleentheid was ook 'n koorfees met nege kore. Onder andere het die Drakensbergse Seunskoor onder leiding van Louis van der Westhuizen, die Bel Canto-koor onder leiding van David Samaai en die Primrose-koor onder leiding van Abdullah Maged opgetree.

Die hoogtepunt van die geleentheid was die aankoms van agt fakkels (elk vernoem na 'n GRA-stigterslid) wat op 14 Augustus vanaf die Voortrekkermonument in Pretoria langs verskillende roetes na die Paarl vertrek het. Die eerste minister en sewe afstammelinge van die GRA-stigters het die fakkels in ontvangs geneem en die hooffakkel daarmee aangesteek. Dit het simbolies voorgestel hoedat die taal uitgedra is na die uithoeke van die land en weer teruggekeer het na sy ontstaanspunt.


Nkosi Sikelel iAfrika

Hier, halfversteen
onder die geel gloed van die son
staan-staan 'n swartman
en sy twaalf rooi beeste
in gelid
en in die stilte
wat groen glinster teen die bulte
wys die dorings wit;

ou geeste
kan weer leef soos ou vulkane
as die bloed in hul bly kook het
vir 'n duisend mane,
maar wie kan vir ons bid
dat God die wêreld seën
en elke os en nasie
vet laat reën
en ons laat weet hoe feilbaar was Nonkwasi.

– Adam Small (uit *Sê sjibbolet*, 1963)

*Interessant (vir daardie tyd toe apartheid nog
hoogty gevier het), was die voordrag van
Adam Small se gedig “Nkosi Sikelel iAfrika”
tydens die opening van die monument.*




2 *Inspirasie vir die ontwerp*

Een van die argitek Jan van Wijk se belangrikste ontwerp-beginsels was dat die monument by die natuurlike terrein moes inskakel en dit moes aanvul. Hy het vertel dat hy ter voorbereiding die Paarl besoek het en met 'n ou brandbaan opgegaan het na die voorgestelde terrein: "Ek en my vrou het eers hier rondgeloop en toe gery na die pas daar oorkant; Franschhoek toe; na Klapmuts toe; en gekyk hoe die terrein van ver af lyk, want die monument moes sigbaar wees." Van Wijk het besluit dat die lyne en ander elemente van die monument die natuurlike lyne van die omgewing moes naboots, en dat die boumateriaal by die rotse op die berg moes inpas.

Die volgende stap was om 'n gepaste beeld te soek wat Afrikaans kon voorstel. Die bekende skrywer CJ Langenhoven het die toenemende gebruik van Afrikaans as 'n "snelstygende boog" beskryf, en die meetkundige in Van Wijk het onmiddellik 'n wiskundige hiperbool daarin herken. So is die idee van die groot suil gebore, met heel bo 'n oop punt wat groei voorstel. Van Wijk het vir homself gesê: "Wonderlik – sien daar jou taal – 'n lekker vorm. Maar hy kan nie net 'n vorm wees nie, daar moet ook definisie wees."


Om hierdie definisie visueel uit te druk, het Van Wijk die woorde van die skrywer NP van Wyk Louw gebruik, wat Afrikaans beskryf as die taal wat Wes-Europa en Afrika soos 'n brug verbind. Louw beskryf Afrikaans ook as 'n "glansende werktuig" en 'n "tweesnydende swaard". Al hierdie gedagtes het die monument in Van Wijk se geestesoorlog laat vorm aanneem en uiteindelik in die struktuur en simboliek daarvan neerslag gevind.

“Wonderlik – sien daar jou taal – 'n lekker vorm. Maar hy kan nie net 'n vorm wees nie, daar moet ook definisie wees. ”





Voorlopige sketse




DIE GESKREWE WOORD BY DIE MONUMENT

CJ Langenhoven

CJ (CORNELIS JACOBUS) LANGENHOVEN, ook bekend as Sagmoedige Neelsie, was een van Suid-Afrika se produktiefste skrywers. In die vroeë dekades van die 20ste eeu is hy as volksbesit beskou. In Julie 1914 het hy in Bloemfontein 'n lesing getiteld "Afrikaans as voertaal" voor De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kunst gelewer. Uit daardie lesing het die argitek Jan van Wijk die volgende woorde as inspirasie geneem:

As ons nou hier in die saal af 'n ry pale sou plant, tien pale, om die laaste tien jaar voor te stel, en aan elke paal 'n merk sou maak op 'n hoogte van die vloer af ooreenkomende met die betreklike skryfgebruik van Afrikaans in die respektiewe jaartal, en 'n streep deur die merke trek, van die eerste af hier naby die vloer tot by die laaste, daar anderkant teen die solder, dan sou die streep 'n snelstygende boog beskryf – nie net vinnig opgaande nie, maar opgaande na 'n vinnig vermeerderende rede. Laat ons nou in ons verbeelding die boog verleng vir die tien komende jare van nou af. Sien u, menere, waar die punt sal wees, daar buite in die bloue lug hoog oor Bloemfontein in die jaar 1924.




DIE GESKREWE WOORD BY DIE MONUMENT

NP van Wyk Louw

NP (NICOLAAS PETRUS) VAN WYK LOUW was een van Afrikaans se grootste skrywers, digters en denkers, en deel van die skrywersgroep wat as die Dertigers bekendgestaan het. Hy het in 1959 'n essay oor die stand van Afrikaans geskryf met die titel "Laat ons nie roem nie". Daarin het die argitek die volgende woorde as inspirasie gevind (alle klem die argitek s'n):

Afrikaans is die taal wat vir Wes-Europa en Afrika verbind; dit suig sy krag uit dié *twee* bronne; dit vorm 'n brug tussen die groot helder Weste en die magiese Afrika – die soms nog so ón-helder Afrika; hulle is albei *groot* magte, wat daar groots aan hulle vereniging kan ontspruit – dít is miskien wat vir Afrikaans voorlê om te ontdek.



VERDER SKRYF VAN WYK LOUW OOK: Dis nie óns verdienste, óns Afrikaners s'n, dat daar aan ons 'n werktuig gegee is wat in twee sulke smidswinkels (so ver uit mekaar) en deur soveel eeue gesmee is nie. Dis aan ons *gegee*; gemaak het ons dit nie. *Ons* taak (en as daar ooit verdienste sal wees, kan alleen dít ons verdienste wees), óns taak lê in die gebruik wat ons maak en sál maak van hierdie glansende werktuig, hierdie tweesnydende swaard.

DIE GESKREWE WOORD BY DIE MONUMENT

Dit is ons erns

Die geskiedenis van “Dit is ons erns”, die woorde wat in die plaveisel by die aantrede tot die monument aangebring is, kom ‘n lang pad.


Dit begin by 6 Maart 1905, toe die politikus JH Hofmeyr (Onze Jan), ‘n toespraak op Stellenbosch gehou het met die titel “Is’t u Ernst?” Hy was die genooide spreker by ‘n vergadering van Ons Spreekuur, ‘n Hollandse taal- en kultuurvereniging vir studente. Ironies genoeg, was hierdie toespraak nie gemik op die bevordering van Afrikaans nie. Onze Jan was ‘n voorstander van vereenvoudigde Hollands, en sy toespraak was ‘n pleidooi vir die herstel van die regte van Hollands. Dit was natuurlik in reaksie op die Britse heersers se verengelsingsbeleid.

In die toespraak jaag hy talle Afrikaans-gesindes die harnas in met sy bewerings dat daar oral Engels gepraat word ten koste van Hollands deur mense wat hy *Hollandsch-Afrikaansche boeren* noem.

In reaksie op die toespraak skryf historikus en taalstryder Gustav Preller vanaf April tot Junie 1905 ‘n reeks artikels in *De Volkstem* onder die opskrif: “Laat’t ons toch ernst wezen”. Hy span dus Onze Jan se wekroep in tot aansporing van die gebruik van Afrikaans (nie Hollands nie). Hy wys uit dat die probleem nie lê by ‘n gebrek aan erns nie, maar by die miskenning van Afrikaans vanaf regeringskant.

Dr DF Malan, voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging en latere Volksraadslid, lewer in 1908, ook op Stellenbosch, ‘n kragtige pleidooi vir Afrikaans, in ‘n toespraak met die bevestigende titel “Het is ons ernst” (vroeë Afrikaans vir “Dit is ons erns”). Die toespraak is so gewild dat dit in pamfletvorm versprei word.

Toe daar in 1974 ‘n sentrale tema vir die 1975-Taalfeesjaar gesoek is, is daar op die Afrikaanse vorm van hierdie aanhaling besluit, naamlik “Dit is ons erns”. Die bewoording het daarna op alle publikasies in verband met die Taalmonument verskyn, en is selfs op die monumentkomitee se amptelike skryfmateriaal gebruik.



Ontwerp deur
Ernst de Jong




DIT IS ONS ERNS

Argitek Jan van Wijk het voorgestel dat dié woorde ook in die plaveisel by die aantrede tot die monument aangebring word om besoekers aan te gryp wanneer hulle die trappies bestyg, en die aandag te vestig op wat die monument wil sê.


3

Bouproses

- Die monument is opgerig deur ATM Konstruksie, 'n konsortium bestaande uit Murray & Stewart (Boland) en Holtzhausen & Hugo.
- Die komplekse taak om die struktuur op die korrekte plek en in die korrekte proporsies staan te maak, is aangepak deur eers die lyne en boë op skaalmodelle te ontwerp en dit daarna wiskundig in meetkundige boë om te sit.
- Die boë is met behulp van 1 100 punte op 'n driedimensionele assestelsel geprojekteer om die buitelyne van die monument te bepaal. Drie koördinate vir elke punt is deur 'n landmeter vanaf 'n groot rots op die terrein bepaal. Die meetkundige model wat so verkry is, is gebruik om bekistingstukke vir die kurwes te bou, en voordat die beton gegiet is, is die koördinate weer eens wiskundig bevestig.
- 'n Spesiale betonmengsel is in 'n voorafvervaardigde bekistingstruktuur gegiet. Die bekisting het bestaan uit 'n metaalraamwerk wat met skeeps-laaghout uitgevoer is. Elke metaalpyp is op die terrein volgens sy spesifieke boog gebuig. Waar die kurwes aan die bokante van die suile te nou geword het vir die pype, is bekistingvorme uit hout vanaf skaalmodelle gemaak.
- Die betonmengsel waarmee die monument gebou is, het bestaan uit sement, wit sand en Paarl-graniet. Aangesien die argitek die kleur van die rotse op die terrein wou naboots, het hy aangedring op die gebruik van die buitenste grysbruin lae van die graniet saam met die binneste blouerige gedeelte. Die tekstuur van die rotse op die terrein is nageboots deur die gladde sementoppervlak met spesiale lugdrukbores te verwyder om die granietklippies in die mengsel bloot te lê.
- Die hoofsuil is op Stellenbosch deur die WNNR in 'n windtonnel getoets en daar is bevind dat dit 'n windsterkte van tot 160 km/h kan weerstaan.



TERREINPLAN




PRIVÉ PRAAG

AFR TM


PAARL

SKAAL 1:10.000 en 1:25.000 31-12-65



*“Waar is jy, my taal?
Hoe lyk jy, my taal?
Waar kan ek jou gaan haal –
jy wat hier moet kom staan?”*

– Jan van Wijk



BEELDHOUKUNS EERDER AS ARGITEKTUUR

Die Afrikaanse Taalmonument moet as 'n beeldhouwerk gesien word eerder as 'n argitektoniese werk, en daarom is argitektoniese styl nie werklik ter sprake nie.

Indien 'n mens wel na styl sou wou verwys, kan daar genoem word dat daar elemente van Brutalisme in die struktuur teenwoordig is. Brutalistiese geboue word beskryf as: "Dikwels gebou uit gegote beton, met dik mure en diep venster- en deuropeninge. Die beton het dikwels 'n ruwe oppervlak, met die merke van die bekisting steeds sigbaar, vir bykomende visuele effek".

Daar moet daarop gelet word dat daar slegs elemente van die styl teenwoordig is en dat die struktuur as geheel nie as Brutalisties beskryf

kan word nie. Van die belangrikste elemente van Brutalisme is nie teenwoordig in die monument nie, naamlik strak lyne, blokkigheid, en vierkantige of reghoekige vorms.

Die gebruik van rou beton is wêreldwyd 'n algemene kenmerk van monumente uit die laaste helfte van die 20ste eeu. Interessante voorbeelde is 'n reeks van ongeveer 25 monumente ter herdenking van die Tweede Wêreldoorlog wat tydens die 1960's en 1970's in Joegoslawië opgerig is, en verskeie post-moderne monumente in Amerika. Hierdie neiging is deur plaaslike argitekte nagevolg en talle monumente wat in daardie tydperk in Suid-Afrika opgerig is, bestaan uit 'n kombinasie van beton en natuurlike rotsmateriaal uit die omgewing.

Jan van Wijk se ander monumente, veral die Ierse monument, toon ook sekere ander ooreenkomste (soos abstraktheid, gerondheid en suile wat in hoogte toeneem) met die Taalmonument. Hierdie monument is ontwerp in die tydperk waartydens

Van Wijk aan die Taalmonument gewerk het. In Van Wijk se monument vir Biskop Zulu, wat in 1988 gesterf het, het hy die elemente van 'n amfiteater met 'n ronde koepel heraangewend.

Die Suid-Afrikaanse monument wat die meeste ooreenkomste met die Taalmonument toon, is die Voortrekkermonument op Winburg, wat ook van

abstrakte motiewe, ryk simboliek, gehamerde beton, die sirkelvorm en massiewe suile van wisselende hoogtes gebruik maak. Hoewel die monument alreeds in 1969 onthul is, is 'n kompetisie daarvoor in dieselfde tydperk as vir die Taalmonument uitgeskryf. Dit is gewen deur die argitek Hans Hallen.

'N SPEL VAN LIG

Besoekers doen gereeld navraag oor op watter dag die son bo by die hoofsuil van die Taalmonument inskyn. Dit word egter verwar met die Voortrekkermonument waar die son elke jaar op 16 Desember om twaalfuur in die middel van die Senotaaf skyn.

Jan van Wijk se visie was dat die hoofsuil van die Taalmonument bo oop moet wees om aan te dui dat dit steeds groei. Die opwaartsstygende wand van die hoofsuil het 'n reeks openinge waardeur die wisselende lig en son daarbuite allerhande ligpatrone na binne optower. Hierdie lig met die water van die fontein simboliseer die groeikragtigheid van die taal, wat lewensonderhoud nodig het.

Van Wijk het oor die Taalmonument gesê: "Enige tyd van die jaar, op enige dag onder watter omstandighede ook al, is daar 'n spel van lig ..."



4 Simboliek

A-C verteenwoordig die verskillende tale wat Afrikaans gevorm het:

1. Links (wes) van die aantrede tot die monument staan drie suile (**A**) wat die Wes-Europese tale en kulture verteenwoordig – Nederlands, Portugees, Duits, Engels en ander. Nie een van die suile beeld 'n spesifieke taal uit nie; die getal drie is gebruik omdat dit ondeelbaar is. Dit loop van hoog na laag om die verminderende invloed daarvan op Afrikaans uit te beeld. Die suile begin as aparte strukture wat dan in 'n stygende kurwe saamsmelt om deel van die hooflyn van die monument te vorm. Die hoogste een van die drie is ongeveer 13,5 m hoog.
2. Regs (oos) van die aantrede is 'n podium met drie rondings (**B**) wat die suidpunt van Afrika verteenwoordig. Dit simboliseer die invloed van die Khoi en ander Afrika-tale (waaronder isiXhosa, isiZulu en seSotho) en neem, anders as die simbool van die Europese tale, in grootte toe. Hierdie strukture is só geplaas dat hulle 'n kurwe vorm wat by die hooflyn (naamlik Afrikaans) aansluit, en so die kring voltooi.
3. Die Indonesiese tale (hoofsaaklik Maleis) word deur 'n muur (**C**) op die trapaantrede van die monument voorgestel. Die muur is só tussen die kurwes van Wes-Europa en Afrika geplaas dat dit apart staan (omdat Maleis van die Ooste is), maar tog 'n eenheid vorm met die twee kragte van Wes-Europa en Afrika wat saamsmelt om die


brug te vorm wat dan simbolies die basis van Afrikaans uitbeeld.

In D-E vind die inspirasie van die twee skrywers uiting:

4. Waar die twee kurwes van Wes-Europa en Afrika bymekaar kom (**D**), word 'n brug gevorm, wat die versmelting van die twee kontinente se tale versinnebeeld, soos deur NP van Wyk Louw beskryf.
5. Die hoofsuil van die monument (**E**) stel die "snelstygende boog" van Afrikaans en sy versnellende groei voor, geïnspireer deur CJ Langenhoven. Die suil staan in 'n poel water en dit versterk verder die gedagte van Afrikaans as 'n lewende, groeiende entiteit, wat lewensonderhoud nodig het vir sy voortbestaan. Die skerp lyne van die suil verbeeld die "tweesnydende swaard" van Van Wyk Louw. Die suil is ongeveer 57 m hoog en dit eindig oop en stomp om aan te dui dat die taal nog steeds groei. Die ligspel in die monument, as gevolg van die waterpoel en die openinge in die hoofsuil, versinnebeeld die taal as "glansende werktuig".

F bring Afrikaans in konteks met Afrika:

6. Saam met die hoofsuil in die poel staan daar nog 'n suil (**F**), wat die Republiek van Suid-Afrika, die geboorteplek van Afrikaans, uitbeeld. Die pilaar is oop na Afrika om aan te dui dat interaksie tussen Afrikaans, Suid-Afrika en Afrika voortdurend plaasvind. Die suil is ongeveer 26 m hoog.



PRAAT JOU TAAL AFRIKAANS?

Afrikaans is 'n smeltkroes van tale wat woorde uit baie verskillende tale geërf het. Baie van hierdie woorde het ons via ander tale, grootliks Nederlands en Engels, bereik.

NEDERLANDS – smous, kasarm, pampoens

PORTUGEES – kraal, mielie, ramkie

KHOI – abba, koedoe, geitjie

MALEIS – amper, baie, piesang

DUITS – heimwee, sweis, blits

FRANS – parlement, boetiek, stasie

NGUNI-TALE – donga, indaba, pasella

SOTHO-TALE – mampoer, makietie, maroela

ENGELS – krieket, bottel, piekniek

ARABIES – koeskoes, assegaai, koffie

WAT IS ARABIESE AFRIKAANS?

Afrikaans in Arabiese skrif is een van die vroegste vorme van geskrewe Afrikaans. Dit is sedert die vroeë 1800's in die Kaap gebruik. Islamitiese slawekinders het godsdiensoonderrig in hul spreektaal, later bekend as Kaapse Afrikaans, ontvang, maar moes steeds in Arabies skryf. Spesiale simbole is ontwikkel om Afrikaanse klanke foneties in Arabiese skrif voor te stel.

Abu Bakr Effendi se *Bayan-ud-Din* ('n Verklaring van die Godsdienste) is in 1871 in Arabiese Afrikaans gedruk. Tussen 1870 en 1950 is ten minste 78 boeke in Arabiese Afrikaans gedruk.

أَنْ قَاسَ سَيْنَ لِنَيْكَرَ سَفَ فَنَ

van

sai

linker

sain

waas

an

5 *Die argitek Jan van Wijk*

Die argitek van die monument, Johan Carel van Wijk (2 Mei 1926 - 20 Mei 2005), het in 1949 die graad B.Arch. aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy het by argiteksfirmas in Kaapstad, Pretoria, Londen en New York gewerk. In 1960 tree hy in die huwelik met Erna Marais. In 1963 stig hy sy eie praktyk wat mettertyd uitbrei tot 'n maatskappy met vennote, direkteure en kantore in Verwoerdburg, Johannesburg, George, Mosselbaai en Mmabatho. In 1993 trek hy en Erna na Wildernis in die Suid-Kaap, waar hy woon tot met sy dood.



Gedurende sy loopbaan was Jan by meer as 870 projekte betrokke, waaronder die geboue van die Universiteit van Johannesburg (voorheen die Randse Afrikaanse Universiteit) en talle opdragte vir die Rembrandt-groep. Behalwe die Taalmonument het hy verskeie ander monumente ontwerp, onder andere vir die 43 kinderslagoffers van die Westdene-busramp.


Van al die projekte wat Jan in sy lewe aangepak het, het sy *magnum opus*, die Taalmonument in die Paarl, die naaste aan sy hart gelê. Dit is dan ook gepas dat sy as in 'n granietrots op die terrein ingemessel is. Dit is sekerlik nie toevallig dat

dit dieselfde rots is waarby hy en sy vrou op 'n dag in 1964 tot rus gekom het toe hulle ter voorbereiding vir sy ontwerp die berg verken het nie.

Jan het in sy leeftyd verskeie toekennings ontvang, waaronder die Erepennings vir Argitektuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1983), en die Kanseliersmedalje (1994) en die Alumni-laureaat (2003) van die Universiteit van Pretoria. 'n Uittreksel uit laasgenoemde toekenning lui soos volg: "Jan van Wijk se werk is eg aan die konteks en kultuur

waarbinne dit ontstaan. Sy werk illustreer 'n sensitiewe ingesteldheid tot die Suid-Afrikaanse landskap en vind uitdrukking in aardse vorme wat sy liefde vir die natuur uitbeeld." Hierdie eienskappe het hul reeds 40 jaar tevore openbaar in die ontwerp van die Taalmonument.

Van Wijk se oproep leef steeds voort ná sy dood: "Afrikaans ... maak hom, praat hom, kry hom lief, leer hom, doseer hom, gaan aan met hom. Moenie dat hy doodgaan nie. Daar heel bo vorm die suil 'n wortelpunt wat groei voorstel, groei sonder ophou, soos Afrikaans."



6 Die omgewing

Paarlberg is sowat 500 miljoen jaar oud en is bekend vir die drie reusagtige granietrotse genaamd Paarl-, Bretagne-, en Gordon-rots. Die inheemse Khoi-stamme het die berg Skilpadberg genoem.

Ongeveer in die middel van die terrein waarop die Taalmonument geleë is, is 'n klipkoppie wat uit groepe granietrotse bestaan. Hulle is almal klein weergawes van Paarlrots en die indruk word geskep dat die natuur dieselfde lyne en kurwes oor en oor op die berg herhaal.

PLANTEGROEI – Die plantegroei op Paarlberg is uniek, omdat dit 'n soort fynbos is wat in kleierige granietgrond groei en slegs in beperkte gebiede voorkom, soos hier en teen die voetheuwels van berge in Somerset-Wes en Wellington. Die fynbos word besonder ruig en bereik 'n hoogte van twee tot drie meter namate die veld ouer word. Suikerkanne (*Protea laurifolia*), tolletjiesbos (*Leucadendron rubrum*) en slangbos of Khoi-kooigoed (*Seriphium plumosum*) is volop.

'n Kenmerk van Paarlberg is die koppies en stapels ronde granietrotse waarrondom immergroen bome soos klipkershout (*Maytenus oleoides*), kliphout (*Heeria argentea*) en olienhout (*Olea africana*) voorkom.

VOËLSOORTE – 'n Aantal voëlsoorte endemies aan die Suidwes-Kaap, soos die Kaapse suikervoël of suikerbekkie (*Promerops cafer*) en die oranjeborssuikerbekkie (*Anthobaphes violacea*), kom in die fynbos voor. Ons sien soms roofvoëls soos witkruisarende (*Aquila verreauxii*), dwergarende (*Aquila pennatus*) en die rooiborsjakkalsvoël (*Buteo rufofuscus*). Heelwat kanaries, die Kaapse fisant (*Pternistis capensis*), die klein-rooiborssuikerbekkie (*Cinnyris chalybeus*), en die Kaapse tiptol (*Pycnonotus capensis*) kan ook gesien word.

DIERE – Klein wildsboksoorte soos die grysbok (*Raphicerus melanotis*), vaalribbok (*Pelea capreolus*) en klipspringer (*Oreotragus oreotragus*) kom op die berg voor. Ander soogdiere sluit dassies (*Procavia capensis*), Kaapse ystervarke (*Hystrix africaeaustralis*) en kolhase (*Lepus saxatilis*) in. Roofdiere wat op die berg aangeteken is, is die rooikat (*Felis caracal*), rooijakkals (*Canis mesomelas*) en gebande muishond (*Mungos mungo*). Leeus het vroeër wel voorgekom en daar word vermoed dat luiperds van omliggende berge Paarlberg steeds af en toe besoek.



'n Netwerk van paadjies maak Paarlberg 'n ideale wandelgebied.
Die Taalmonument-wandelpad neem ongeveer 'n halfuur om te voltooi, en die
Klipkershout-sirkelroete deur die Paarlberg Natuureservaat duur ongeveer twee uur.

241.

DIE OUKRAAL-LIEDJIE

SATB

MANAS en AMIE DE VILLIERS

J. A. BEHRENS
en
BENEDICTUS DE VILLIERS

In sangskiedende teenoor

Iy met jou aan-don-der-tie, ek met my don-der-tie, sing ons die Oukraal-lid-sie...
 sing, sing ons van wa-ter-stro-mes, slane ge-met, so lank-lank-bee-ge en 'n
 rik-bok wat doe teen die rant-ge slane. Ous sing, ons speel van die
 ons sing, ons sing.
 Oukraal wat ons noot met sul ver-veel, sul ver-veel... Iy met jou aan-don-der-tie
 ek met my don-der-tie, sing ons die Oukraal-lid-sie saam

Paarlberg was in die verlede 'n gewilde kampeerplek. Elke Kersvakansie het mense by Meulwater, Krismiskamp en Oukraal gaan tent opslaan. Die Oukralers het bedags jukskeel gespeel en saans musiek gemaak onder leiding van die musikant Manas de Villiers. Hy en sy vrou Amie het in die 1940's "Die Oukraalliedjie" geskryf, wat vandag nog landwyd gesing word.

7 *Ander taalmonumente*

IN SUID-AFRIKA:

Die monument teen die hange van Paarlberg is nie die enigste taalmonument in die land nie. Die oudste een waarvan die ATM bewus is, staan op Burgersdorp en is eintlik opgerig vir die erkenning van Hollands.

Die dorpe Kroonstad en Welkom het albei in 1959 monumente vir die Afrikaanse taal opgerig.

Die grootskaalse veldtogte ter bewusmaking van en fondsinsameling vir die Taalmonument in die Paarl het baie patriotiese vure aangesteek, en heelwat ander dorpe het besluit om hul eie monumentjies op te rig. Die ATM weet van monumente op Aberdeen, Belfast, Burgersdorp, Delareyville, Ermelo, Johannesburg, Kroonstad, Ladismith (Kaap), Lichtenburg, Louis Trichardt, Milnerton, Ohrigstad, Oos-Londen, Petrus Steyn, Reddersburg, Reitz, Riebeeck-Wes, Tounsvier, Ventersdorp, Welkom en Worcester.


IN DIE WÊRELD:

Sover ons kon vasstel, is daar slegs 'n paar ander taalmonumente in die wêreld, waaronder 'n monument vir Russies in Belgorod, Rusland, en *L'obélisque des idéogrammes*, 'n monument vir vier inheemse tale in Bamako, Mali.


Daar is ook die *Shaheed Minar* in Dhaka, Bangladesh, 'n monument wat die martelaars van hul taalbeweging vereer. Soos in Suid-Afrika, was daar bloedige opstande rondom die taalkwessie in daardie land. Daar is kleiner replikas van die *Shaheed Minar* in talle Bangladeshi-gemeenskappe regoor die wêreld, onder andere in Italië, Amerika, Engeland en Japan.

Onlangse navorsing het getoon dat daar ongeveer 60 ander taalverwante museums in die wêreld is.

Besoek die ATM se webwerf by www.taalmuseum.co.za vir verdere inligting.
Laat weet ons gerus indien u oor meer inligting beskik.



Lichtenburg het ook in 1975 'n taalmonument onthul, via die bemiddeling van die Rapportryers. Dit is in die vorm van 'n oester, met 'n ronde pêrel daarin. Die woorde *Afrikaans, ons pêrel van groot waarde* is in geelkoperletters rondom die ronde bal aangebring.



Die oudste taalmonument in Suid-Afrika waarvan ons weet, is op Burgerplein, Burgersdorp. Dit is op 18 Januarie 1893 onthul. Die beeld is gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur vandale geskend, en ná die oorlog is die beeld deur Lord Milner verwyder. Die Burgersdorpers het hul Monument teruggeeis, en aangesien die oorspronklike beeld nêrens opgespoor kon word nie, het die Britse regering in 1907 'n replika laat oprig. In 1939 is die vermiste beeld in King William's Town opgegrawe, minus die kop en 'n arm. Daardie beeld is in 1957 net so in sy beskadigde toestand agter die replika opgerig.



Op die kampus van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), vandag die Universiteit van Johannesburg, is daar op 12 Augustus 1975 'n monument onthul wat bestaan uit drie granietrotse vanaf Paarlberg. Die inskripsie daarop is *Smal swaard en blink*, die woorde waarmee NP van Wyk Louw (onder andere) die taal beskryf het.

8 *Die instelling*

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) omvat vandag die Afrikaanse Taalmuseum, die Afrikaanse Taalmonument en die Paarl Amfiteater. Die Taalmuseum is ingerig in Pastorielaan 11, die voormalige huis van Gideon Malherbe, een van die stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA). Die 4 000-sitplek-amfiteater is naby die monument teen die suidelike hang van Paarlberg geleë en word gereeld benut vir groot geleenthede.

Ná twee jaar van selfbestuur is eienaarskap van die ATM in 1977 aan die staat oorgedra. Vandag is die ATM 'n openbare entiteit wat bestuur word deur 'n raad – aangewys deur die nasionale Departement Kuns en Kultuur. Van dié departement ontvang die instelling 'n gedeeltelike jaarlikse subsidie. Die ATM genereer aanvullende fondse deur borgskappe, donasies, toegangsfooie, die verhuring van fasiliteite, produkverkope en die aanbied van geleenthede.

Kontak ons gerus indien u 'n donasie wil maak of op hoogte wil bly van ons aktiwiteite.

VISIE EN MISSIE

Die ATM as inklusiewe instelling beywer hom daarvoor dat alle Suid-Afrikaners Afrikaans respekteer en waardeer. In hierdie gees werk die ATM hard daaraan om Afrikaans veral onder die jeug en nie-moedertaalsprekers aan te moedig en te ondersteun. Die ATM poog deurlopend om respek tussen Afrikaans en ander inheemse tale te bewerkstellig deur onder meer die wedersydse invloed op mekaar te erken en uit te beeld.

HOOFDOELWITTE

Die instelling se hoofdoelwitte is om toepaslike materiaal en inligting in te samel; navorsing te doen oor Afrikaans; die ontstaan, ontwikkeling, nut en uitbou van Afrikaans deur middel van uitstallings, lesings en artikels uit te beeld; opvoedkundige programme, begeleide toere en kulturele aktiwiteite aan te bied; en om die ATM se kultuurhistoriese erfenisterreine sowel as die erfenis van Afrikaans te bewaar.





Die Afrikaanse Taalmuseum soos voor restourasie in 1975. Die huis is omstreeks 1860 in die Georgiaanse styl gebou deur Gideon Malherbe. Hy was een van die stigterslede van die GRA, wat op 14 Augustus 1875 in hierdie huis gestig is.

Die onderste verdieping van die huis is gerestoureer en so ver doenlik ingerig soos dit in ongeveer 1875 sou lyk, om aan besoekers 'n kykie in daardie era se leefstyl en lewensomstandighede te gee. Die boonste verdieping huisves 'n interaktiewe uitstalling oor die ontwikkeling van Afrikaans.

BRONNE

- Afrikanerbakens, FAK: Aucklandpark, 1989
 FAK-Sangbundeel, Protea Boekhuis: Stellenbosch, 1986
 Langenhoven, CJ, *Ons weg deur die wêreld*, JH de Bussy: Pretoria, 1918
 Louw, NP van Wyk, *Vernuuwing in die prosa*, Human & Rousseau: Kaapstad, 1961
 Nienaber, CS, PJ Nienaber en CJM Nienaber, *Dit was ons erns*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad, 1962
 Nienaber, PJ, *Die Vrystaatse Taalbeweging*, Afrikaanse Pers Boekhandel: Johannesburg, 1947
 Scholtz, J du P, *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*, Tafelberg: Kaapstad, 1980
 Van Wijk, J, *Taalmonument – Simbool van Afrikaans*, Historical Media: Kaapstad, 2014
 Pieters, H: *The Taalmonument: A monument for what?* Ongepubliseerde meestersgraadtesis, Universiteit van Maastricht, geen datum
 Van Tonder, WB: *The Taal Monument: An analytical study*, Ongepubliseerde semesterprojek, Universiteit van Pretoria, 1994
 ATM-dokumentasie (ongepubliseerd)
 Drakenstein Munisipaliteit, Paarlberg Natuurreservaat inligtingspamflet
 Onderhoude met Erna van Wijk, eggenote van argitek
www.historicdenver.org/resources/brutalism/
www.retronaut.com/2011/04/yugoslav-war-memorials-1960s-1970s/
www.weburbanist.com/2011/07/29/postmodern-monuments-20-worthy-architectural-memorials/

FOTO'S/ILLUSTRASIES

Adrian Shields vir Banshee 22
 ATM
 Gerald Hoberman
 Gideon Nel
 Heinz Dullaart
 Jan van Wijk
 Len Staples
 Libella Photography
 Melinda Els/Mel Photography
 Oswald Gerber
 Susanne Botha
 Susanne Joubert
 Thomas Talkner

Kontak ons gerus vir meer inligting:

Taalmuseum 021 872 3441 | Taalmonument 021 863 4809/0543
admin@taalmuseum.co.za | www.taalmonument.co.za | www.taalmuseum.co.za
 Facebook: Afrikaanse Taalmonument | Twitter: @taalmonument